# KRUISGENOOT

19 Oktober 2025

## NGK RUSTENBURG-SUID

JESUS LEEF EN ONS MET HOM



# Kontak


**071 436 0102**
ngrbsuid@gmail.com
www.ngrustenburgsuid.co.za

NGRtbsuid

ABSA 122 058 012 8

Kaart fasiliteite in die kantoor beskikbaar

**KANTOORURE**
08:00 - 13:00

**SKRIBA**
Helena Heystek-De Klerk
071 436 0102

**LERAAR**
Ds Driaan Britz
083 232 4706
driaan@eeworks.org


## Bid vir mekaar

### Siek of in die Hospitaal

Marjorie Landsberg
Freddie Alberts
Annatjie Smuts
Marie Nel
David Jansen van Vuuren
Lienke Venter
Wimpie Espach
Johann Espach
Marcel Derks
Fancis Jackson
Grietha Paxton
Ronel Clappen

## LEKKER VERJAAR

19 Oktober - Anita Vermeulen
22 Oktober - Rina Smit
23 Oktober - Evelien Steyn
24 Oktober - Ruan Swanepoel
24 Oktober - Nicoleen Van Wyngaard
25 Oktober - Mien Ellis

## bid



**Australië**: Dank God vir die vertalingsprojek van die Ou Testament in Pitjantjatjara. Bid vir die Bybelgenootskap se pogings om Bybelbetrokkenheid onder verskillende gemeenskappe te bevorder. Bid dat God hulle werk sal seën.

**Indonesië**: Bid vir die Bybelgebaseerde geletterdheidsprogram wat gemeenskappe help om God se Woord te leer lees. Bid vir veiligheid in gebiede wat kwesbaar is vir aardbewings, asook vir die personeel en vennote.

**Oos-Timor**: Bid vir beter toegang tot die Bybel in hierdie land waar hulpbronne beperk is en Christelike gemeenskappe talle uitdagings trotseer. Bid dat God nuwe geleenthede vir Bybelvertaling en betrokkenheid sal skep, en dat gemeentes in eenheid en krag sal groei.

# Tiende maand Dankoffer

## DANKOFFERS

Die skrywer van Psalm 116 vra in vers 12: “Hoe sal ek die Here vergoed vir al sy goeie dade aan my?” En dan skryf hy in vers 17: “Aan U sal ek dankoffers bring, en die Naam van die Here aanroep.”
Die Here het my en jou uit genade van sonde en dood verlos. Ons kan Hom op geen manier vergoed vir sy liefde vir ons nie en Hy verwag dit ook nie van ons nie.
As Gees vervulde mense wil ons egter nie anders as Hom uit dankbaarheid te dien nie. Een van die maniere om Hom uit dankbaarheid te dien, is steeds deur ons dankoffers en die aanroep van sy Naam.
Dit is ŉ voorreg wat ons het om 'n tiendemaand-dankoffer aan die Here te bring - nie uit plig nie, maar uit 'n hart wat oorloop van dankbaarheid vir God se goeie dade aan ons.
2 Korintiërs 9:7 herinner ons hieraan: "Laat elkeen gee soos hy vooraf in sy hart besluit het - nie met droefheid of onder dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief."
Ons tiendemaand-dankoffer is 'n geleentheid om die Here te dank, die gemeente se bediening te ondersteun en hoop aan ander te bring. Laat ons, as God se fontein van liefde, saam dien - dankbaar, blymoedig en tot eer van die Here!

BEGIN DIE DAG MET God

Sola Scriptura Solus Christus Soli Deo Gloria

Kort Boodskap

Indien u daagliks hierdie boodskap op WhatsApp wil ontvang, kan u bloot u slim foon se kamara op die QR-kode hier rig en op die bevestiging klik.




## G-Om Projek - Wee Care Project

**#verskilmakers**

Help ons asb om 'n verskil in die lewe van 'n kind te maak

**Ons nooi ons gemeenskap uit om deel te word van ons projek deur jou tyd en liefde te skenk as vrywilliger by ons kleuterskool.**

Hoekom betrokke raak?

- Jy help om 'n veilige, liefdevolle leeromgewing vir behoeftige kinders te skep.
- Jou betrokkenheid inspireer en bemagtig die jongste leerders in ons gemeenskap.
- Al is dit net drie ure per week, die impak op 'n kind se lewe kan vir ewig wees.

**Geen vorige ondervinding nodig nie - net 'n geduldige hart wat wil help! Ons wys jou alles wat jy as vrywillige tannie-juffrou moet weet.**

Indien jy belangstel of meer wil weet van ons kleuterskool, kontak ons asb! Daar is verskeie maniere hoe jy (en jou vriende of maatskappy) betrokke kan raak by ons aktiwiteite.

Laat ons saam glimlaggies skep en drome bou.

**Kontakbesonderhede:**
**Marieta Herbst: 063 705 0304**
**Christel Herbst: 082 785 2439**

NPO: 050 549
PBO: 930032788 (Article 18A Organisation)




